

Wat op aarde soek ek hier?

Vrygewigheid

GROEPE

In hierdie laaste week van WOASEH het ons gesels oor die beginsel van Vrygewigheid.

Vraag: Vrygewigheid – wat hoor jy? Wat is jou Wêreldbeskouing oor dit?

- Soveel dink vrygewigheid beteken net finansies.
- Maar waarheid is, daar is soveel meer aan dit verbonde as net finansies.

Vrygewigheid is iets wat ons doen, maar dit lê in die verstaan waarvandaan dit kom wat ons werklik dit regkry om Vrygewig te wees.

Vrygewigheid is deel van wie God is. Dis in sy karakter om vrygewig te wees.

1. Vrygewigheid is deel van God se karakter

a. IN GOD SE WETTE

LEVITIKUS 19:9-10 (Die Boodskap)

9Wanneer julle oes, moet julle nie alles tot op die kant van die land wegoes nie. Julle moet ook nie die are wat met die oes op die grond bly lê het, agterna weer gaan optel nie. 10Julle moet ook nie julle wingerde kaal stroop tot op die laaste korrel nie. Moenie die druiwe wat geval het, gaan optel nie. Los dit vir die arm mense en vir die vreemdelinge van ander plekke wat by julle bly. Ek is tog die Here julle God.”

- RUT EN NAOMI HET BAAT GEVIND BY HIERDIE WET TOE HULLE TERUG IS NA NAOMI SE MOEDERLAND
- **Daar is 'n PRIORITEIT vir die Here vir ons om te verstaan hoe belangrik gee is!**

b. DIE NATUUR WEERSPIEËL GOD SE VRYGEWIGHEID

PSALM 65:10-14 AFR83

10U sorg vir die land en gee oorvloed, U maak dit baie vrugbaar. Die groot riviere is vol water, U laat die koring welig staan. Alles is u werk!

11U maak die ploegvore vol water en die kluite nat, U laat hulle sag word van die reëns, U laat alles welig groei.

12U kroon die jaar met u goeie gawes. Waar U ook gaan, is daar oorvloed!

13Daar is volop weiding in die woestyn; die bulle juig,

14die velde wemel van die kleinvee, die vlaktes staan vol koring; hulle juig en hulle sing.

GOD VOORSIEN IN OORVLOED

So wanneer ons kyk na vrygewigheid, het ons nodig om te verstaan en te besef dat voordat ons kan wees, GOD IS!! En dis uit GOD UIT dat ons kan wees!

Ons Vrygewigheid is direk gekoppel aan ons verstaan van wie God is!

VERGELYKING VAN DIE BOOT IN DIE HAWE

- Hierdie reeks gebruik ons die vergelyking van die boot in die hawe om ons posisie te verduidelik binne hierdie proses

WAAR IS JOU BOOT?

- o Staan jou boot nogsteeds in die hawe?
- o Of het jy hom al begin uitvat in die waters in sodat jy kan sien wat God met jou wil doen?

PURPOSE: Almal van ons vra die vraag WAT OP AARDE SOEK EK HIER?

Daarom die vergelyking van die boot – solank as wat jy in die veiligheid van die hawe bly, gaan jy sukkel om te ontdek wat God wil doen.

- God verwag van jou om jou boot in die waters in te vat.
- Net so met ons Christelike wandel... solank as wat ons dit veilig speel, gaan jy altyd voel daar is nie vervulling nie!

Hierdie hele proses is eintlik maar **Dissipelskap** – om 'n volger van God te wees

- My idees en planne neer te lê en syne vir my op te tel
- Te laat gaan van my manier van dinge doen, en syne op te tel
- My comfort agter te laat, en toe te laat dat Hy met my werk om my te shape in dit in wat Hy beplan het!

JOU ONVERVULLING IS GEKOPPEL AAN JOU ONVERMOË OM TE LAAT GAAN... AAN DIE HOU VAS AAN ONS GEMAK

- Soveel van ons ervaar onvervulling in ons wandel omrede ons juis vashou aan ons eie gemak.
- Maar kyk wat gebeur in Matteus 10

Jesus stuur sy Dissipels! Hulle “UIT DIE HAWE KOM” OOMBLIK

Matteus 10:8 Die Boodskap

8“Doen onder hulle wat julle My die afgelope tyd sien doen het: gaan maak siek mense gesond; gaan gee aan dooies weer lewe; gaan maak melaatses gesond, en gaan help mense wat in die mag van demone is om daarvan ontslae te raak.

“Doen al hierdie dinge sodat mense die teenwoordigheid en grootheid van God self persoonlik kan ervaar. En onthou, hierdie dinge het julle nie self verdien nie. Ek het dit gratis vir julle gegee. Gaan gee dit daarom ook verniet aan ander weg.”

- Jesus stuur sy dissipels uit. Hy gee hulle 'n preek oor wat om te verwag, wat hulle mag en nie mag nie, en een van dit was moenie ekstra skoene en dinge saamvat nie. Gaan bly in ander mense se huise, eet wat hulle vir jou gee.
- Maar hy stuur hulle met hierdie woorde: “Ek het vir julle gratis gegee, so gaan gee dit gratis weg.”
- Gee verniet omrede jy verniet ontvang het
- Wat ons het kom van God af.

- Hy't sy seun gestuur vir ons om aan ons alles te gee wat ons ooit sou nodig hê
 - o **Deur sy seun is ons identiteit, integriteit en intimiteit met God herstel!**
 - o Nou funksioneer ons uit dit uit!

Hierdie oomblik was die dissipels se oomblik om uit die hawe te kom! En hulle het dit gedoen.

Net soos die dissipels hier het ons ook die outoriteit ontvang MATT 28:18-20

VRYGEWIGHEID IS 'N OPDRAG EN VERWAGTING. Dit is wat ons as DISSIPELS van GOD doen!

HOE?

2. Vrygewig met jou LIEFDE

2 KORINTIËRS 5:14

14Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het.

JOHANNES 15:12-14 NLV

12Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefgehad het. 13Niemand het 'n groter liefde as hierdie nie: dat iemand sy lewe opoffer ter wille van sy vriende. 14Julle is my vriende as julle doen wat Ek aan julle opdra.

Dis uit die verstaan van SY liefde vir ONS dat ons bereid is om liefde te gee. En dis wat ons wêreld nodig het!

3. Vrygewig met jou WOORDE

HANDELINGE 4:36

36So was daar byvoorbeeld Josef wat deur die apostels Barnabas genoem is (dit beteken iemand wat mense moed inpraat).

SPREUKE 18:21

21Die tong het mag oor dood en oor lewe. Hulle wat lief is om te praat, moet saamleef met die gevolge van hulle woorde.

21 Spr. 10:19; Mt. 12:37Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.

EFFESIËRS 4:29 NLV

29Moenie enige vuil taal gebruik nie. Gebruik eerder die regte, opbouende woorde wat nodig is om dié wat luister, te bevoordeel.

Before you speak, THINK...

- is it TRUE?
- Is it HELPFUL?
- Is it INSPIRING?
- Is it NECESSARY?
- Is it KIND?

Wees bereid om eerder goeie goed te sê teenoor slegte goed.

Hoekom is kritiek so direk en presies, maar aansporing is so vaag?

Criticism is so direct and precise, but encouragement is so vague.

4. Vrygewig met jou TYD

- Tyd met jou familie
- Tyd met jou kinders
- Tyd by jou werk
- Tyd by die kerk
 - Om te dien by die kerk is noodsaaklik vir jou Christelike wandel!
 - Waar skakel jy in
 - Vandag het ons die uitstalling van al die groepe by die kampus
 - Dissipelskap groepe en Fellowship groepe
 - Waar wil die Here jou gebruik.
 - Dalk is jou hart om intensioneel met nuwe bekeerlinge te kuier... kom gee jou naam op. Maar raak deel, daar is baie plek!
- Tyd met God

5. Vrygewig met jou FINANSIES

2 Korintiërs 8:1-5, 9-15 NLV

Om ruimhartig te gee is liefdeswerk

1Broers en susters, ons lig julle in oor die genade van God wat die gemeentes in Masedonië ontvang het. 2Al is hulle ook hewig getoets deur swaarkry, het hulle uitermate blymoedig gebly, en hulle groot armoede het uitgeloop op oorvloedige vrygewigheid. 3Ek getuig dat hulle volgens vermoë, ja, dat hulle selfs bo hulle vermoë gewillig was. 4Met groot aandrang het hulle ons gesmeek om te mag deelneem aan die liefdeswerk en diens aan die gelowiges in Judea. 5Dit was nie soos ons dit verwag het nie; eers het hulle hulleself aan die Here gegee, en toe aan ons sodat hulle kon optree volgens die wil van God.

9Julle ken die ongelooflike goedheid van ons Here Jesus Christus. Alhoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword sodat julle deur sy armoede ryk kon word. 10Nou gee ek raad oor hierdie saak. Want dit is voordelig vir julle – julle wat nie net die eerste was om iets te doen nie, maar ook heel eerste gewillig was om iets te doen. 11Voltooi nou die werk sodat julle dit, uit die middele tot julle beskikking, met dieselfde geesdrif kan afrond as dié waarmee julle daarop besluit het. 12As die geesdrif daar is en julle gee volgens wat julle het, is die gawe aanneemlik. Julle hoef nie meer as dit te gee nie. 13Dit beteken egter nie dat hulpbetoon aan ander julle moet laat swaarkry nie. Dit is eerder 'n geval van balans. 14Daar moet 'n balans wees tussen julle huidige oorvloed en hulle gebrek. Dan kan hulle oorvloed weer vir julle gebrek aangewend word. Op só 'n manier kom daar ewewig.

2 Korintiërs 9:6-8 NLV

6Dus staan die saak só: Wie suinig saai, sal karig oes; wie ruimhartig saai, sal volop oes. 7Elkeen moet gee soos hy in sy hart besluit het, nie uit spyt of dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. 8En God is in staat om aan julle elke gawe in oorvloed te gee sodat julle in elke opsig altyd van alles genoeg kan hê én ook nog oorvloedig kan wees in elke goeie werk.

Die gelowiges in Korinte het die verantwoordelikheid om vrygewig te wees met hulle finansies verstaan en dit met liefde uitgeleef in alle opsigte.

Solank as wat jou finansies vir jou 'n groter prioriteit is as God, gaan finansies jou seermaak!

Jy sien, vrygewigheid is soveel meer as net finansies...

Hoe is jy vrygewig met jou liefde?

Hoe vrygewig is jy met jou tyd?

Hoe vrygewig is jy met jou woorde?

En hoe is jy vrygewig met jou finansies?

Om vrygewig te wees is wat dissipels doen.